

Woensdag 13 Maart

Skrifgedeelte: Josua 10:28-43

Fokusgedeelte: Josua 10:42

God doen sy beloftewoord gestand – wat Hy begin, voltooi Hy!

Die Suidland is ingeneem en Josua en die manskappe keer terug na Gilgal (vs 43). Maar alle roem aan mense is uitgesluit. Deur toe te laat dat die skyn van die Gibeoniete sy volk bedrieg, deur toe te laat dat hulle die sonde van nalatigheid begaan, het God die suidelike veldtog begin. Dwarsdeur die veldtog het God dit wat Hy begin het, deurgevoer en voltooi.

Die bese koalisie van die vyf Amoritiese konings was voluit in God se hand en onder sy mag. En Hy het hulle in sy volk se mag oorgegee. Hy het haelstene gestuur. Hy het na Josua se gebed geluister en die son en maan laat stilstaan. Net so was die ander stede in die Suidland volkome onder God se mag en sy beheer, en het Hy hulle in die mag van die Israëliete oorgegee en hulle die oorwinning besorg.

In jou verlossing – wat die vervulling van God se beloftes aan jou is – staan álles, elke boosheid en elke sonde en elke stukkie gebrokenheid in hierdie lewe, volmaak onder die mag van God en daarom mag jy getroos weet dat sy verlossing wat Hy in jou begin het, ook deur Hom voltooi sal word (Fil. 1:6). Hy doen dit kragtig deur die verlossingswerk van sy Seun – van wie Josua afskaduwing was – en die onstuitbre werk van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 21-1:9

Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)